BESLUIT 8/2021: 11 FEBRUARIE 2021

- (i) Aangesien die eiendom, ingevolge Art 14(2)(a) van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet nie vir die lewering van die minimum vlak van basiese dienste benodig word nie, in-beginsel-goedkeuring verleen word vir die verkoop van erwe 1337 en 1338 Napier.
- (ii) Dat die Raad kennis neem van die aanbod wat Vierfontein Boerdery gemaak het vir erwe 1337, 1338, Napier.
- (iii) Dat die Raad kennis neem van die toekomstige ekonomiese impak wat die totale ontwikkeling tot die streek sal hê, asook die groot aantal werksgeleenthede wat binne KAM area geskep sal word, vir plaaslike inwoners sover moontlik.
- (iv) Dat, na die uitvoering van 'n terreininspeksie op 1 Februarie 2021, word erwe 1337 en 1338, Napier as die mees geskikte erwe vir die ontwikkeling van Vierfontein Boerdery se pakstoor en kantoor ooreengekom.

- (v) Dat erf 1337 Napier, met 'n grootte van 2.1773 Ha en die markwaarde van R218 000 (Raadsbesluit 30 Oktober 2019) aan Vierfontein Boerdery vervreem mag word teen die prys van R400 000 (aanbod word aanvaar).
- (vi) Dat erf 1338 Napier, met 'n grootte van 1.4420Ha en die markwaarde van R144 000 (Raadsbesluit 30 Oktober 2019) aan Vierfontein Boerdery vervreem mag word teen die prys van R400 000 (aanbod word aanvaar).
- (vii) Aangesien die ontwikkeling onafhanklik op al twee erwe sal plaasvind, hoef die twee erwe nie gekonsolideer te word nie.
- (viii) Dat alle wetlike prosesse in plek gestel sal word, wat insluit die publieke kennisname, die opstel van die koopoooreenkoms en die oordrag van die grond.
- (ix) Toestemming word hiermee gegee dat die volledige bouplanne reeds oorweeg kan word, voordat oordrag van die eiendom plaasvind.
- (x) Alle munisipale dienste sal deur die koper vir sy eie rekening geïnstalleer word.

(RAADSLID JACOBS TEKEN SY TEENSTEM AAN, EN WEL OM DIE VOLGENDE REDES:

- 1. Impak van die verkoop, bepaal die marwaarde. Dit het effek op waardasierol (R49 p² vs R27 en R18) wat langtermyn effek op KAM se inkomste sal hê.***
- 2. Huidige sonering is landbou en hersonering sal moet plaasvind.***
- 3. Omgewingsimpakstudies gaan nodig wees.***
- 4. Die prosesse en beleide wat gevolg moet word, gaan tyd neem en die voorwaardes soos deur bestuur aanbeveel is strydig met punte 2/3.)***

PUBLIEKE DEELNAME PROSES

Die Raad se voorneme om die genoemde erwe te verkoop word op 26 Februarie 2021 geadverteer vir publieke deelname. Insette/Besware sluit op 12 Maart 2021. Verskeie navrae en insette word van die gemeenskap ontvang.

'n Publieke vergadering word met van die belangegroepes gehou in Napier se raadsaal op 11 Maart 2021 (sien aangehegte bywoningsregister op bladsy 48). Tydens die vergadering word die volgende bespreek:

1. Verskeie sketse en ontwerpe.
2. Dit wat binne die bestaande sonering op die erwe mag geskied.
3. Moontlike alternatiewe terreine.
4. Die werkskeppingsgeleentheid van die projek (gedurende seisoentyd tot soveel as 1 400 persone per dag).
5. Die gebruik van plaaslike arbeid.
6. Die bestaande Ruimtelike Ontwikkelingsplan (Spacail Development Framework).
7. Die moontlike verkeersimpak op die kruising van Monsantoeweg met die R316.
8. Die toerisme geleentheid wat in die toekoms vir Napier kan ontwikkel.
9. Daar word bevestig dat met die bestaande sonering, wel voortgegaan kan word met die oprigting en bedryf van 'n pakstoor.
10. Dat die eienaar self aanspreeklik sal wees vir alle munisipale dienste wat gelewer moet word.

INSETTE IS ONTVANG VANAF / INPUTS WERE RECEIVED FROM

- Lori and Elaine Hodgson
- Napier Heritage and Conservation Body (NHCB) (Mr Randall Fuller)
- Pieter van der Linden
- Dr Odette Curtis-Scott (Overberg Renosterveld Conservation Trust)
- Noni Gordon
- Terry Armstrong
- Ika Pietersen
- The Napier Residents Association (Executive Committee)
- Denys Roberts

INSETTE WAT VANAF DIE GEMEENSAP ONTVANG IS, SLUIT ONDER ANDERE IN

- Sonering / Zoning as smallholding
- Die markwaarde van die eiendom / Market value
- Die verkoopproses (“uit die hand-verkoop”) / Out of hand sale
- Estetiese voorkoms van die struktuur / Aesthetic appearance
- Napier Renosterveld Reservaat / Napier Renosterveld Reserve
- Verkeersimpak / Traffic impact with the R316 crossing
- Toerisme / Tourism
- Plaaslik Arbeid / Local labour
- Munisipale Dienste / Municipal Services

Sodra die eienaar die soneringsproses afhandel, sal dit al die bogenoemde aspekte aanspreek. Sonering moet plaasvind vanaf “kleinhoewe na landbou-prosessering”.

BESTUURSAANBEVELING

- (i) Aangesien die eiendomme, ingevolge Art 14(2)(a) van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet nie vir die lewering van die minimum vlak van basiese dienste nodig word nie, inbeginsel goedkeuring verleen word vir die verkoop van erwe 1337 en 1338, Napier.
- (ii) Dat die Raad kennis neem van die aanbod wat Vierfontein Boerdery gemaak het vir erwe 1337, 1338, Napier.
- (iii) Dat die Raad kennis neem van die toekomstige ekonomiese impak wat die totale ontwikkeling tot die streek sal hê, asook die groot aantal werksgeleenthede wat binne KAM area geskep sal word, vir plaaslike inwoners sover moontlik.
- (iv) Dat, na die uitvoering van ‘n terreininspeksie op 1 Februarie 2021, word erwe 1337 en 1338, Napier as die mees geskikte erwe vir die ontwikkeling van Vierfontein Boerdery se pakstoor en kantoor ooreengekom.
- (v) Dat erf 1337 Napier, met ‘n grootte van 2.1773 Ha en die markwaarde van R218 000 (Raadsbesluit 30 Oktober 2019) aan Vierfontein Boerdery vervreem mag word teen die prys van R400 000 (aanbod word aanvaar).
- (vi) Dat erf 1338 Napier, met ‘n grootte van 1.4420Ha en die markwaarde van R144 000 (Raadsbesluit 30 Oktober 2019) aan Vierfontein Boerdery vervreemd mag word teen die prys van R400 000 (aanbod word aanvaar).
- (vii) Aangesien die ontwikkeling onafhanklik op al twee erwe sal plaasvind, hoef die twee erwe nie gekonsolideer te word nie.
- (viii) Dat alle wetlike prosesse in plek gestel sal word, wat insluit die publieke kennisname, die opstel van die koop-ooreenkoms en die oordrag van die grond.
- (ix) Toestemming word hiermee gegee dat die volledige bouplanne reeds oorweeg kan word, voordat oordrag van die eiendom plaasvind.
- (x) Alle munisipale dienste sal deur die koper vir sy eie rekening geïnstalleer word.
- (xi) Dat die nuwe eienaar wel deur ‘n soneringsproses gaan alvorens die verpakkingsaanleg in bedryf gestel kan word.

BESLUIT 28/2021

- (i) Aangesien die eiendomme, ingevolge Art 14(2)(a) van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet nie vir die lewering van die minimum vlak van basiese dienste nodig word nie, inbeginsel goedkeuring verleen word vir die verkoop van erwe 1337 en 1338, Napier.
- (ii) Dat die Raad kennis neem van die aanbod wat Vierfontein Boerdery gemaak het vir erwe 1337, 1338, Napier.
- (iii) Dat die Raad kennis neem van die toekomstige ekonomiese impak wat die totale ontwikkeling tot die streek sal hê, asook die groot aantal werksgeleenthede wat binne KAM area geskep sal word, vir plaaslike inwoners sover moontlik.
- (iv) Dat, na die uitvoering van ‘n terreininspeksie op 1 Februarie 2021, word erwe 1337 en 1338, Napier as die mees geskikte erwe vir die ontwikkeling van Vierfontein Boerdery se pakstoor en kantoor ooreengekom.

- (v) Dat erf 1337 Napier, met 'n grootte van 2.1773 Ha en die markwaarde van R218 000 (Raadsbesluit 30 Oktober 2019) aan Vierfontein Boerdery vervreem mag word teen die prys van R400 000 (aanbod word aanvaar).
- (vi) Dat erf 1338 Napier, met 'n grootte van 1.4420Ha en die markwaarde van R144 000 (Raadsbesluit 30 Oktober 2019) aan Vierfontein Boerdery vervreemd mag word teen die prys van R400 000 (aanbod word aanvaar).
- (vii) Aangesien die ontwikkeling onafhanklik op al twee erwe sal plaasvind, hoef die twee erwe nie gekonsolideer te word nie.
- (viii) Dat alle wetlike prosesse in plek gestel sal word, wat insluit die publieke kennisname, die opstel van die koop-ooreenkoms en die oordrag van die grond.
- (ix) Toestemming word hiermee gegee dat die volledige bouplanne reeds oorweeg kan word, voordat oordrag van die eiendom plaasvind.
- (x) Alle munisipale dienste sal deur die koper vir sy eie rekening geïnstalleer word.
- (xi) Dat die nuwe eienaar wel deur 'n soneringsproses gaan alvorens die verpakkingsaanleg in bedryf gestel kan word.
- (xii) Dat die ooreenkoms opskortende voorwaardes sal bevat waardeur die ontwikkelaar alle ontwikkelingsregte binne 'n periode van 18 maande vanaf ondertekening van die ooreenkoms in plek sal stel, mits die Raad 'n verlenging toestaan op die basis van aanvaarbare vordering gemaak.

11.14 **VERVREEMDING/ONTWIKKELING: ERWE 852 EN 857, STRUISBAAI (STRUISBAAI ONTWIKKELINGS)**

VERSLAG OPGESTEL DEUR DIE BESTURDER: ADMIN ONDERSTEUNING

DOEL VAN VERSLAG

Om oorweging te skenk om die eiendom van erwe 852 en 857, Struisbaai aan LTN Properties (Edms) BPK te vervreem. Die voornemende koper is tot einde Maart 2021 geleentheid gebied om 'n finale voorlegging aan die Raad te maak en sodanige voorstel is nou ontvang vir die Raad vir oorweging.

ALGEMENE INLIGTING

Eienaars : KAM
 Eiendom : Erf 852 en 857, Struisbaai
 Erf Grootte : 5.45 HA
 Sonering : Wil aanwend vir "kommersiële ontwikkeling"

GEDEELTE VERSOEK:	Erf 852, Struisbaai	Grootte .2504 Ha
En	Erf 857, Struisbaai	Grootte 2.2401 Ha
	Totaal	Grootte 2.4905 Ha
Verkoopprys:	R7 960 000 (BTW uitgesluit) (BTW ingesluit: R9 145 000)	

AGTERGROND

EERSTE AANBOD

Die Raad het reeds by vroeër geleenthede oorweging geskenk om 'n gedeelte van erwe 852 en 857 in Struisbaai aan LTN Bedrywe (Edms) Bpk te vervreem om 'n kommersiële ontwikkeling daar te doen. Die aanvanklike koopprys was bepaal op R19 222 250,00 en volgens die ooreenkoms moet die ontwikkelaar 'n 5% "non-refundable" deposito van R961 112,50 betaal, nog voordat daar enige verkope was. Die koper het die Raad versoek om die ontwikkeling in 2 fases te doen, maar die kooptransaksie word net verseker vir die gedeelte van die grond waarop fase 1 van die ontwikkeling sal voortspruit. Die grootte van die aanvanklike gedeelte was 5.45 Ha.

KOMMENTAAR: WYK 5

Die Wykskomitee ondersteun die aanbod, maar dat die res (orige 60%) nie eksklusief vir die ontwikkelaar onbepaald as eerste opsie gehou kan word nie en oop is vir enige ander ontwikkelaar wat sou belangstel.

BESLUIT 119/2020: 27 AUGUSTUS 2020

- (i) Die Raad ondersteun die vervreemding van erf 852 en 857, Struisbaai (5,45 hektaar) aan LTN Bedrywe, maar dat die res (orige 60%) nie eksklusief vir die ontwikkelaar onbepaald as eerste opsie gehou kan word nie en oop is vir enige ander ontwikkelaar wat sou belangstel.
- (ii) Dat die Raad kennis neem dat LTN Bedrywe steeds belangstel in die ontwikkeling van erf 852 en 857, Struisbaai en daarom verder uitstel verleen tot Desember 2020 vir die betaling van die 5% deposito.
- (iii) Dat die Raad kennis neem dat die oorsaak van die uitstel hoofsaaklik toegeskryf kan word aan die inperking deur Covid-19.

Daar is op 2 Desember 2020 met die Raad se prokureur vergader wat voorstel dat die datum van finalisering uitgestel word na 31 Maart 2021, en wel om die volgende redes:

LTN Bedrywe (Edms) Bpk: Prysonderhandeling en die 5% deposito betaalbaar, asook die finalisering van die grootte van die grond, met inaggenome die nuwe potensiële boorgate verlang.

RAADSBESLUIT 119/2020 WORD OP 8 DESEMBER 2020 SOOS VOLG GEWYSIG (RB 235/2020):

*“Dat die Raad kennis neem dat LTN Properties (Edms) Bpk, steeds belangstel in die genoemde ontwikkelings in Struisbaai en daarom verder uitstel verleen word tot **31 Maart 2021** vir die betaling van die 5% deposito.”*

FINALE AANBOD

Die ontwikkeling van erf 852 en 857, Struisbaai sou in fases plaasgevind het, maar is nie deur die Raad goedgekeur nie. Die voornemende koper versoek die Raad om nou 2.4905Ha van die reeds goedgekeurde gedeelte te koop. 'n Nuwe waardasie is aangevra vir die 2.4905Ha (wat aanvanklik fase 1 was) en die prys is bepaal op R7 960 000 (BTW uitgesluit.) (sien aangehegte kaart op **bladsy 49**).

FINANSIËLE IMPLIKASIE

Inkomste van R7 960 000 (BTW Uitgesluit)

DEPARTEMENTELE INSETTE

BOUBEHEER: Aansoek word ondersteun deur Boubeheer en dat die nodige bouplanne ingedien sal word vir oorweging voordat daar met enige werk begin word.

BESTUURSAANBEVELING: 11 FEBRUARIE 2021

Aangesien die Raad reeds in-beginsel goedkeuring vir die vervreemding van gedeeltes van erwe 852 en 857 gegee het en die wetlike prosesse gevolg is, word die volgende aanbeveling gemaak:

- (i) Dat die Raad nie gedeeltes van erf 852 en 857, Struisbaai vir munisipale doeleindes benodig nie (ingevolge Art 14 van die MFMA).
- (ii) Dat die vorige Raadsbesluit (119/2020) bekragtig word, waardeur die vervreemding van erwe 852 en gedeeltes van erf 857, Struisbaai aan LTN Properties Edms (Bpk) goedgekeur word.
- (iii) Dat die verkoopprijs van R7 960 000 (BTW uitgesluit) vir die uitgewysde 2.4905Ha aanvaar word.
- (iv) Dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om die ooreenkoms namens die Raad te onderteken.

BESLUIT 9/2021: 11 FEBRUARIE 2021

“Dat die aangeleentheid terugverwys word sodat daar eers verdere onderhandelings met Kol Govender van die SAPD kan plaasvind ten opsigte van die vestiging van ‘n polisiestatie op die genoemde gedeelte van die erwe.

Die genoemde onderhandeling soos bo deur die Raad besluit het op 17 Februarie 2021 met Kol Govender van die SAPD plaasgevind. Kol Governder het onder andere die volgende stellings gemaak:

1. Daar is nie in die Maart 2021-Begroting voorsiening gemaak vir die bou van ‘n nuwe Polisiestatie op Struisbaai nie.
2. Mnr Erasmus (van LTN Properties) mag opgraderings aan die bestaande polisiestatie in Struisbaai doen, aangesien die geboue in ‘n gehawende toestand is en van die Raad gehuur word deur die Departement Openbare Werke. Opgradering sal met die Raad se toestemming moet geskied soos deur die ooreenkoms bepaal.
3. Die SAPD se begroting sal eers aangewend word in gebiede waar misdaad die hoogste is en op dié stadium is Struisbaai nie ‘n hoë prioriteit vir die SAPD nie.
4. Dit sal aanvaarbaar wees indien en wanneer die SAPD wel befondsing bekom vir die bou van ‘n nuwe Polisiestatie in Struisbaai, daar dan weer onderhandel kan word oor ‘n stuk grond.
5. Kol Govender noem dat die SAPD reeds sowat R400 000,00 gespandeer het aan koste ten opsigte van die grond en die Raad nie daarvoor aanspreeklik sal hou nie.
6. Dat hy (Govender) nie kan voorsien dat ‘n nuwe polisiestatie vir Struisbaai voor oor 10 - 15 jaar gebou sal kan word nie.

Na die gesprek, is dit duidelik dat die grond wat geormerk was vir die bou van ‘n nuwe polisiestatie, nou wel aan LTN Properties beskikbaar gestel kan word vir die daarstelling van ‘n inkoopentrum.

BESTUURSAANBEVELING

Aangesien die Raad reeds in-beginsel goedkeuring vir die vervreemding van gedeeltes van erwe 852 en 857 gegee het en die wetlike prosesse gevolg is, word die volgende aanbeveling gemaak:

- (i) Dat die Raad, ingevolge Art 14 van die MFMA nie gedeeltes van erf 852 en 857, Struisbaai vir munisipale doeleindes benodig nie.
- (ii) Dat die vorige Raadsbesluit (RB 119/2020) bekragtig word waardeur die vervreemding van erwe 852 en gedeeltes van erf 857, Struisbaai aan LTN Properties Edms (Bpk), in-beginsel goedgekeur word.
- (iii) Dat die Raad kennis neem dat die geormerkte grond vir die polisiestatie op Struisbaai, nie meer benodig word nie.
- (iv) Dat die verkoopprijs van R7 960 000 (BTW uitgesluit) vir die uitgewysde 2.4905Ha aanvaar word.
- (v) Dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om die ooreenkoms namens die Raad te onderteken.
- (vi) Dat die ooreenkoms opskortende voorwaardes sal bevat waardeur die ontwikkelaar alle ontwikkelingsregte binne ‘n periode van 18 maande vanaf ondertekening van die ooreenkoms in plek sal stel, mits die Raad ‘n verlenging toestaan op die basis van aanvaarbare vordering gemaak.
- (vii) Dat die ooreenkoms voorsiening maak vir die registrasie van ‘n serwituuat vir die lewering van grootmaat water en riooldienste.
- (viii) Dat die koper die goedkeuring van die verkoper sal kry alvorens die finale installering van infrastruktuur, ingesluit die grootmaatdienste bydrae deur die koper gefinaliseer word.
- (ix) Dat daar met LTN Properties onderhandel word oor die gemeenskapsbydrae.
- (x) Dat volledige planne aan die Raad voorgelê word indien enige opgraderings sou plaasvind.
- (xi) Dat die Raad kennis neem van die bestaande huurooreenkoms met Struisbaai Funpark wat op die grond bestaan tot 31 Januarie 2022 en dat die ooreenkoms nie verleng sal word nie.

BESLUIT 29/2021

Aangesien die Raad reeds in-beginsel goedkeuring vir die vervreemding van gedeeltes van erwe 852 en 857 gegee het en die wetlike prosesse gevolg is, word die volgende aanbeveling gemaak:

- (i) Dat die Raad, ingevolge Art 14 van die MFMA nie gedeeltes van erf 852 en 857, Struisbaai vir munisipale doeleindes benodig nie.
- (ii) Dat die vorige Raadsbesluit (RB 119/2020) bekragtig word waardeur die vervreemding van erwe 852 en gedeeltes van erf 857, Struisbaai aan LTN Properties Edms (Bpk), in-beginsel goedgekeur word.
- (iii) Dat die Raad kennis neem dat die geormerkte grond vir die polisiestrasie op Struisbaai, nie meer benodig word nie.
- (iv) Dat die verkoopprijs van R7 960 000 (BTW uitgesluit) vir die uitgewysde 2.4905Ha aanvaar word.
- (v) Dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om die ooreenkoms namens die Raad te onderteken.
- (vi) Dat die ooreenkoms opskortende voorwaardes sal bevat waardeur die ontwikkelaar alle ontwikkelingsregte binne 'n periode van 18 maande vanaf ondertekening van die ooreenkoms in plek sal stel, mits die Raad 'n verlenging toestaan op die basis van aanvaarbare vordering gemaak.
- (vii) Dat die ooreenkoms voorsiening maak vir die registrasie van 'n serwitut vir die lewering van grootmaat water en riooldienste.
- (viii) Dat die koper die goedkeuring van die verkoper sal kry alvorens die finale installering van infrastruktuur, ingesluit die grootmaatsdienste bydrae deur die koper gefinaliseer word.
- (ix) Dat daar met LTN Properties onderhandel word oor die gemeenskapsbydrae.
- (x) Dat volledige planne aan die Raad voorgelê word indien enige opgraderings sou plaasvind.
- (xi) Dat die Raad kennis neem van die bestaande huurooreenkoms met Struisbaai Funpark wat op die grond bestaan tot 31 Januarie 2022 en dat die ooreenkoms nie verleng sal word nie.
- (xii) Dat Raadsbesluit 119/2020 (8 Desember 2020) gewysig word met die sperdatum **30 April 2021**.

(Raadslid Jacobs teken sy teenstem aan en wel as gevolg van die verkoopprijs wat verlaag het, die onsekerheid oor die betaaldatum en dat daar wel eskalاسie tot die koopsom toegevoeg moet word tot betaaldatum.)

11.15 **BELEID: AANWYSING VAN RAADSHEER / RAADSDAME (MB)**

DOEL VAN VERSLAG

Om heroorweging te skenk aan die bestaande besluit wat die Raad in 2010 geneem het, waartydens iemand as 'n Raadsheer/-dame aangewys word.

AGTERGROND

Die KAM Raad het met Raadsbesluit 105/2008 van 27 Mei 2008 'n beleid aangeneem waarin 'n Raadslid/-dame kan kwalifiseer as 'n Raadsheer of Raadsdame. Geringe aanpassings is in 2010 aan die beleid gedoen (Raadsbesluit 212/2010). Die beleid word aangeheg op **bladsy 50 tot 52**.

AS OPSOMMING VAN DIE BESTAANDE BELEID, KORTLIKS DIE VOLGENDE PUNTE:

Raadslid moet 20 punte verwerf

- (i) Kriteria:
 - 1 punt vir elke voltooide jaar as raadslid
 - 1 punt vir elke voltooide jaar as Onder-Burgemeester
 - 2 punte vir elke voltooide jaar as Burgemeester
 - 2 punte vir elke voltooide jaar as lid van die UBK of voorsitter van 'n staande komitee
 - 3 punte vir elke voltooide jaar as Onderburgemeester of Speaker van KAM
 - 4 punte vir elke voltooide jaar as Burgemeester van KAM
- (ii) Voordele en voorregte
- (iii) Diskwalifikasies as Raadslid
- (iv) Toekening seremonie
- (v) Adminstrasie en rekordhouding

In die beleid is daar egter verskeie paragrawe wat mekaar weerspreek en daarom word die beleid weer voorgehou.

Daar is ook na SALGA en ander owerhede se riglyne gekyk en ondersoekende vergelykings is getref. 'n **Aangepaste beleid** word aangeheg op **bladsy 53 tot 55**.

KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT HET REEDS DIE VOLGENDE TOEKENNINGS GEDOEN:

1. Raadsdame Eve Marthinus
2. Raadsheer Richard Mitchell
3. Raadsheer Dirk Jantjies
4. Raadsheer Johan Niewoudt
5. Raadsheer Dr Attie Coetzee

FINANSIËLE IMPLIKASIE

Geen.

REGSIMPLIKASIE

Gering.

PERSONEEL IMPLIKASIE

Geen.

BESTUURSAANBEVELING

Dat die bestaande "*Beleid Insake Die Erkenning van Raadsheerskap*" vervang word met die **aangepaste beleid** wat die volgende insluit:

- a) Minimum van 20 punte moet verdien word.
- b) Die kriteria van toekenning:
 - Een punt vir elke voltooide jaar gedien as 'n Raadslid van enige munisipaliteit (sluit ook Distriksmunisipaliteite in); plus
 - Een bykomende punt vir elke voltooide jaar as Lid van die UBK, of Voorsitter van enige Staande komitee van die Uitvoerende Burgemeester of die Raad.
 - Een bykomende punt vir elke voltooide jaar diens as Onder-Burgemeester of Speaker van 'n Kaap Agulhas Munisipaliteit; plus
 - Twee bykomende punte vir elke voltooide jaar gedien as Burgemeester of voorsitter van enige munisipaliteit;
- c) Voordele en voorregte.
- d) Diskwalifikasie / terugtrekking van die titel.
- e) Toekenning Seremonie.
- f) Administrasie en Rekordhouding.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE (19 FEBRUARIE 2021)

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.

BESLUIT 30/2021

Dat die bestaande "*Beleid Insake Die Erkenning van Raadsheerskap*" vervang word met die **aangepaste beleid** wat die volgende insluit:

- a) Minimum van 20 punte moet verdien word.
- b) Die kriteria van toekenning:
 - Een punt vir elke voltooide jaar gedien as 'n Raadslid van enige munisipaliteit (sluit ook Distriksmunisipaliteite in); plus
 - Een bykomende punt vir elke voltooide jaar as Lid van die UBK, of Voorsitter van enige Staande komitee van die Uitvoerende Burgemeester of die Raad.
 - Een bykomende punt vir elke voltooide jaar diens as Onder-Burgemeester of Speaker van 'n Kaap Agulhas Munisipaliteit; plus
 - Twee bykomende punte vir elke voltooide jaar gedien as Burgemeester of voorsitter van enige munisipaliteit;
- g) Voordele en voorregte.
- h) Diskwalifikasie / terugtrekking van die titel.
- i) Toekenning Seremonie.
- j) Administrasie en Rekordhouding.

(Raadsheer Jantjies teken sy teenstem aan en versoek dat Raadslede drie termyne moet voltooi om in aanmerking geneem te word vir die amp van Raadsheerskap. Raadsheer Jantjies stel ook die Raad in kennis dat hy voortaan slegs as Raadslid sal dien en hiermee die toekenning van Raadsheer van die hand wys.)

11.16 DIREKTEURSWAARNEMING (MB)

DOEL VAN VERSLAG

Om heroorweging te skenk aan die bestaande besluit wat die Raad in 2013 geneem het, waartydens iemand aangestel moet word om in 'n Direkteur se plek waar te neem.

AGTERGROND

Dit gebeur soms dat 'n Direkteur of 'n Divisiehoof nie vir werk beskikbaar is nie. In so geval moet iemand gedeligeerde magte hê om aanstellings te doen om die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid van die Direkteur of Divisiehoof oor te neem.

Daar kan egter onderskei word oor die tydperk van waarneming, bv minder as 10 dae en meer as 10 dae.

TYDENS RAADSVERGADERING VAN 6 DESEMBER 2016 IS DIE VOLGENDE BESLUIT GENEEM:

- (i) *In die afwesigheid van die Munisipale Bestuurder en Direkteure, dat daar besluit word om die volgende waarnemers in genoemde poste aan te stel:*

	PERSONE WAT SAL WAARNEEM
Munisipale Bestuurder	<i>Direkteur: Finansiële Dienste</i>
Direkteur Finansies	<i>Een van die Finansiële Bestuurders op diskresie van die DFD</i>
Direkteur: Korporatiewe Dienste	<i>Een van die Korporatiewe Dienste Bestuurders op diskresie van die DKD</i>
Direkteur: Gemeenskapsdienste	<i>Een van die Gemeenskapsdienste Bestuurders op diskresie van die DGD</i>
Direkteur: Tegniiese Dienste	<i>Een van die Tegniiese Dienste Bestuurders op diskresie van die DTD.</i>

- (ii) *Dat, indien nie een van die genoemde persone beskikbaar is nie, die magte gedelegeer word na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om iemand aan te wys.*
- (iii) *Dat die persoon wat waarneem, aan alle wetlike kwalifikasies moet voldoen.*

INTERNE ONDERSOEK

Die Raad se Interne Ouditeur het 'n ondersoek gedoen om te bepaal watter personeel vir watter poste kwalifiseer. Die uitslag was as volg (sien aangeheg op **bladsy 57 tot 60**).

BESTUURSAANBEVELING

- (i) In die afwesigheid van die Munisipale Bestuurder, Direkteure en Divisie Hoofde, dat daar besluit word om die volgende delegasies in plek te stel:

BESTAANDE AMP	PERSONE WAT SAL WAARNEEM MINDER as 10 dae	PERSONE WAT SAL WAARNEEM MEER as 10 dae
Munisipale Bestuurder	Diskresie van die UITVOERENDE BURGEMEESTER	UITVOERENDE BURGEMEESTER na konsultasie met die RAAD
Direkteur Finansies	Diskresie van die MUNISIPALE BESTUURDER	MUNISIPALE BESTUURDER na konsultasie met die UITVOERENDE BURGEMEESTER
Direkteur: Bestuursdienste	Diskresie van die MUNISIPALE BESTUURDER	MUNISIPALE BESTUURDER na konsultasie met die UITVOERENDE BURGEMEESTER
Direkteur: Infrastruktuur	Diskresie van die MUNISIPALE BESTUURDER	MUNISIPALE BESTUURDER na konsultasie met die UITVOERENDE BURGEMEESTER
Divisiehoof: HR	Diskresie van die MUNISIPALE BESTUURDER	MUNISIPALE BESTUURDER na konsultasie met die UITVOERENDE BURGEMEESTER
Divisiehoof: Strategies	Diskresie van die MUNISIPALE BESTUURDER	MUNISIPALE BESTUURDER na konsultasie met die UITVOERENDE BURGEMEESTER

- (ii) Dat, indien nie een van die genoemde persone beskikbaar is nie, die magte gedelegeer word na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om iemand aan te wys.
- (iii) Dat sodanige aanstelling skriftelik sal wees en alle Raadslede dienooreenkomstig ingelig word.
- (iv) Dat die persoon wat waarneem, aan alle wettike vereistes moet voldoen.
- (v) Dat die Beleid ook sal geld indien een van die Direkteure, Divisie Hoofde of Munisipale Bestuurder, afwesig is vanaf die kantoor.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE (19 FEBRUARIE 2021)

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.

BESLUIT 31/2021

- (i) In die afwesigheid van die Munisipale Bestuurder, Direkteure en Divisie Hoofde, dat daar besluit word om die volgende delegasies in plek te stel:

BESTAANDE AMP	PERSONE WAT SAL WAARNEEM MINDER as 10 dae	PERSONE WAT SAL WAARNEEM MEER as 10 dae
Munisipale Bestuurder	Diskresie van die UITVOERENDE BURGEMEESTER	UITVOERENDE BURGEMEESTER na konsultasie met die RAAD
Direkteur Finansies	Diskresie van die MUNISIPALE BESTUURDER	MUNISIPALE BESTUURDER na konsultasie met die UITVOERENDE BURGEMEESTER
Direkteur: Bestuursdienste	Diskresie van die MUNISIPALE BESTUURDER	MUNISIPALE BESTUURDER na konsultasie met die UITVOERENDE BURGEMEESTER
Direkteur: Infrastruktuur	Diskresie van die MUNISIPALE BESTUURDER	MUNISIPALE BESTUURDER na konsultasie met die UITVOERENDE BURGEMEESTER

Divisiehoof: HR	Diskresie van die MUNISIPALE BESTUURDER	MUNISIPALE BESTUURDER na konsultasie met die UITVOERENDE BURGEMEESTER
Divisiehoof: Strategies	Diskresie van die MUNISIPALE BESTUURDER	MUNISIPALE BESTUURDER na konsultasie met die UITVOERENDE BURGEMEESTER

- (ii) Dat, indien nie een van die genoemde persone beskikbaar is nie, die magte gedelegeer word na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om iemand aan te wys.
- (iii) Dat sodanige aanstelling skriftelik sal wees en alle Raadslede dienooreenkomstig ingelig word.
- (iv) Dat die persoon wat waarneem, aan alle wetlike vereistes moet voldoen.
- (v) Dat die Beleid ook sal geld indien een van die Direkteure, Divisie Hoofde of Munisipale Bestuurder, afwesig is vanaf die kantoor.

11.17 **L'AGULHAS ROLBALKLUB: ONDERSTEUNING TEN OPSIGTE VAN WATERVERBRUIK**

DOEL VAN VERSLAG

Om oorweging te skenk daaraan om die L'Agulhas Rolbalkklub te ondersteun met hulle waterverbruik.

AGTERGROND

Die Raad het verlede jaar 'n versoek van L'Agulhas Rolbalkklub om hulle waterverbruik aan te slaan teen die minimum tarief, goedgekeur.

Hiermee 'n versoek vir die verlenging van die goedkeuring vir 2021.

FINANSIËLE IMPLIKASIE

Onbekend - Sal deur die verbruik bepaal word.

BESTUURSAANBEVELING

Vir oorweging deur die Raad.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE (19 FEBRUARIE 2021)

Die Komitee ondersteun die aansoek.

BESLUIT 32/2021

Dat L'Agulhas Rolbalkklub se watertarief voortaan teen die minimum tarief gehef sal word.

11.18 **AFSKRYWING VAN UITSTAANDE REKENING 200 065 7563: HAASBEKKIE SPEELSKOOL**

DOEL VAN VERSLAG

Om oorweging te skenk aan die afskrywing van die uitstaande skuld van R37 009,28 soos op 31 Januarie 2021 van Haasbekkie Speelskool op Napier.

AGTERGROND

Kinder- en Gesinsorg het 'n skrywe gerig wat onder meer versoek dat Haasbekkie Speelskool se uitstaande skulde afgeskryf moet word waarna hulle dan die maandelikse rekening op datum sal betaal.

Die betaal gekiedenis van hierdie rekening wys egter dat daar die afgelope aantal jare geen poging aangewend is om hierdie rekening te betaal nie.

Die volgende inligting ten opsigte van die betalings vanaf Julie 2017 (Neem kennis dat die rekening met 'n balans van R7 030,68 oorgekom het vanaf die ou SAMRAS stelsel):

2017/2018	Gehef R8 435.57	Betaal R625.00
2018/2019	Gehef R8 386.91	Betaal R715.00
2019/2020	Gehef R9 383.56	Betaal R100.00
2020/2021	Gehef R5 112.01	Betaal R0.00
TOTAAL	Gehef R31 318.05	Betaal R1 440.00

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat daar geen erns is om hierdie rekening te betaal nie.

FINANSIËLE IMPLIKASIE

R37 009,28

BESTUURSAANBEVELING

Dat die Raad moet besluit of die uitstaande skuld van Haasbekkie Speelskool afgeskryf moet word, al dan nie.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE (19 FEBRUARIE 2021)

- (i) Dat die uitstaande saldo nie afgeskryf word nie, maar verhaal word vanuit Wyk 1 se toegekende begroting.
- (ii) Dat die aangeleentheid na die Raad verwys word.

BESLUIT 33/2021

Dat die aangeleentheid terug verwys word na die Menslike Ontwikkeling- en Finansies Afdelings ten einde die bestaande beleid moontlik aan te pas.

11.19 **REGSTELLING VAN REKENING VAN NAPIER VG KERK TEN OPSIGTE VAN GELDE TE VEEL DEUR DIE RAAD GEHEF**

DOEL VAN VERSLAG

Om kennis te neem van 'n regstelling wat gedoen moet word op rekening 200 001 4249 van die VG Kerk, Napier ten opsigte van gelde wat foutiewelik teen die rekening gehef is.

AGTERGROND

Die VG Kerk, Napier verhuur sy eiendom op erf 698, Napier aan Kinder- en Gesinsorg. Hulle huisves daar 'n nasorg/versorg eenheid sowel as Klub Emmanuel. Alhoewel Kinder- en Gesinsorg hierdie perseel benut is die rekening in die naam van die VG Kerk en is hulle dus verantwoordelik vir die betaling daarvan. Weens verskeie redes het Kinder- en Gesinsorg dit nagelaat om hulle verpligting teenoor die kerk na te kom en gevolglik het hierdie rekening geweldig agtergeraak. Die kerk het die Raad toe versoek om die elektrisiteit na die perseel te staak. Dit het tot gevolg gehad dat Kinder- en Gesinsorg in gesprek getree het met die kerk ten einde 'n oplossing te vind vir die betaling van die rekening.

Die betrokke perseel word deur drie voorafbetaalde meters bedien. Ten einde die volle uitstaande rekening te kon bepaal is die nodige ontleding van die heffings op die rekening gedoen. Daar word toe bevind dat al drie die meters gehef word op 'n vaste koste gebaseer op 'n 3-fase elektrisiteit aansluiting in stede van 1-fase.

Die betrokke meters is foutief gehef vanaf Julie 2010 tot en met Augustus 2020. Dit beteken dat die bedrag van R204 576,02 oor die genoemde tydperk te veel gehef is. Die volle rekening is R265 004,13 agterstallig soos op 31 Januarie 2021 (R219 318,12 lopende rekening en R45 686,01 oorhandigde rekening). Met die nodige regstelling sal die kerk dus 'n uitstaande rekening hê van slegs R60 428,11.

Intussen is 'n ooreenkoms tussen Kinder- en Gesinsorg en die kerk bereik oor die betaling van die rekening. Kinder- en Gesinsorg betaal die lopende rekening maandeliks asook die uitstaande rekening soos per afbetaal ooreenkoms wat tussen die Raad en die kerk aangegaan moet word. Die kragtoevoer is weer na die perseel herstel.

FINANSIËLE IMPLIKASIE

R204 576,02 - Ten einde die foutiewe heffing reg te stel.

BESTUURSAANBEVELING

Dat die Raad kennis neem van die regstelling as 'n krediet van R204 576,02 op rekening 200 001 4249 van die VG Kerk, Napier.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE (19 FEBRUARIE 2021)

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.

BESLUIT 34/2021

Dat die Raad kennis neem van die regstelling as 'n krediet van R204 576,02 op rekening 200 001 4249 van die VG Kerk, Napier.

11.20 **KASSIERSPUNTE: OOP TYDENS ETENS UUR**

DOEL VAN VERSLAG

Om die Raad in te lig omtrent die ondersoek na die moontlikheid om die kassierspunte oop te hou tydens die etensuur.

AGTERGROND

Die Raad het versoek dat die moontlikheid, om die kassiere tydens etenstyd oop te hou, ondersoek word. Die ondersoek is gedoen en hieronder die bevinding van die eerste ondersoek. Die Raad het egter die punt terug verwys vir verdere ondersoek.

Daar was 'n versoek tydens die vorige Raadsvergadering dat die moontlikheid, om die kassierspunte tydens die etensuur oop te hou, ondersoek moet word.

Na aanleiding van die ondersoek, net die volgende:

1. Groot munisipaliteite het drie of vier kassiere en dus is dit moontlik vir hulle om beurte te maak om etenstyd te neem sonder om dienslewering te onderbreek. Finansies se personeel samestelling is van so aard dat ons net een kassier per kantoor of betaalpunt het. Ons beskik wel oor personeel wat as kassiere kan optree wanneer daar 'n noodgeval is of wanneer die kassier met verlof is.
2. 'n Kassier werk altyd alleen in sy geldlaai, want aan die einde van die dag is hy/sy verantwoordelik vir enige tekort/surplus wat mag ontstaan. Ten einde iemand anders te laat oorneem moet die kassier eers al sy transaksies afsluit en sy gelde balanseer. Dan moet die ander persoon eers die "float" tel en seker maak dit is reg voordat hy/sy kan begin werk. Hierdie proses kan tot 30 minute duur en vir daardie tyd moet die kassier gesluit wees en kan die publiek nie gehelp word nie.

In die lig gesien van die feit dat ons nie genoegsame kassierspersoneel het nie en die administratiewe proses om die geld van een kassier aan 'n ander oor te gee, is dit myns insiens nie moontlik om ons kassierspunte tydens etenstyd oop te hou nie.

Ten opsigte van al die buite kantore en betaalpunte bly bogenoemde onveranderd. Daar is geen werkbare oplossing ten einde die kantore tydens etenstyd oop te hou nie.

Ten opsigte van die kassiere by die hoofkantoor op Bredasdorp wil ek graag die volgende noem:

Die infrastruktuur en die beskikbare personeel maak dit moontlik om 'n volledige tweede kassier te ontplooi. Ten einde dit te verwesentlik is dit nodig om die kaartmasjien fasiliteit op te gradeer sodat dit tussen die kassiere gedeel kan word. 'n Geldlaai moet ingebou word asook 'n addisionele kwitansie masjien vir die verkope van voorafbetaalde krag moet bekom word. Indien 'n tweede kassiers losie volledig ingerig word, kan daar voortgegaan word om die kassiere tydens etenstyd oop te maak.

BESTUURSAANBEVELING

Vir kennisname en goedkeuring deur die Raad.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE (19 FEBRUARIE 2021)

Dat die Komitee kennis neem dat Bredasdorp kassiere tydens middag-etes beskikbaar sal wees vir die publiek en dat die nodige befondsing beskikbaar gestel word.

BESLUIT 35/2021

- (i) Dat die Raad kennis neem dat Bredasdorp kassiere tydens middag-etes beskikbaar sal wees vir die publiek en dat die nodige befondsing beskikbaar gestel word.
- (ii) Dat wanneer die beskikbaarheid van die kassierpunte tydens middag-etes in aanvang neem, dit deeglik na die publiek gekommunikeer word.

11.21 **CELLULAR TELEPHONE AND DATA CARD POLICY**

PURPOSE OF REPORT

To propose to Council change in allowance limits for Cellular telephone and data cards, as attached on **page 61 to 74.**

BACKGROUND

In 2015 Council approved the first policy after which minor changes were made over the years, but no change was ever made in terms of the allowance limits.

Section 4.1 of the policy states the following:

“4.1 *The allowable all-inclusive expenditure for cellular telephones, tablets and/or data cards will be limited to the following maximum monthly amounts and / or data excluding VAT.*

4.1.1	Municipal Manager	R 1 500.00
4.1.2	Directors	R1 200.00
4.1.3	Managers	R 600.00
4.1.4	Other approved employee's	R 300.00
4.1.5	All Data Cards	R 150.00”

Over the past years cell phone and data cost became more expensive and with the increasing need of system changes and additional functionality, access to information requirements and the fact that more people work away from the office, it is the opinion that the current allowance limits is no longer adequate and need to be revised.

Considering current voice and data cost, we therefore recommend that the allowance limits be change to the following taking into consideration that the actual allowance for each applicant is still subject to the approval of the Municipal Manager.

4.1.1	Municipal Manager	R2 250.00
4.1.2	Directors	R1 800.00
4.1.3	Managers	R 900.00
4.1.4	Other approved employee's	R 450.00
4.1.5	All Data Cards	R 250.00

FINANCIAL IMPLICATIONS

R44 650,00 : Current Monthly

R67 350,00 : New Monthly

LEGISLATIVE REQUIREMENTS

Municipal Finance Management Act, Act No. 56 of 2003.

MANAGEMENT RECOMMENDATION

That Council consider the change in allowance limits.

RECOMMENDATION: FINANCE- AND IT SERVICES COMMITTEE (19 FEBRUARY 2021)

That the management recommendation be accepted.

RESOLUTION 36/2021

That the change in allowance limits not be approved due to financial constrains.

11.22 **GEWYSIGDE ARGITEKTONIESE RIGLYNE VIR SKULPHOEK, STRUISBAAI (15/4/14 - SSB)**

DOEL VAN DIE VERSLAG

Vir die Raad om oorweging te skenk aan die gewysigde argitektoniese riglyne vir Skulphoek, Struisbaai, alvorens enige bouplanne goedgekeur kan word. Die ligging van die betrokke eiendom word aangetoon op die plan aangeheg op **bladsy 75**.

AGTERGROND

Alvorens bouplanne deur Boubeheer oorweeg kan word, moet die Raad die gewysigde ontwerp parameters soos aangeheg op **bladsy 78 tot 83** ondersteun en goedkeur. Die Senior Boubeheerbeampte, Senior Stadsbeplanner en Bestuurder: Strategiese Dienste het alreeds kommentaar gelewer op die vorige riglyne en die gewysigde riglyne word nou aan die Raad voorgelê vir oorweging.

KOMMENTAAR: WYK 5

Die Komitee ondersteun die Bestuursaanbeveling.

KOMMENTAAR: BOUBEHEER

Ek het dit deurgegaan en dis baie basies. So ek het geen beswaar nie en sien nie dat iemand dit moet afteken nie.

BESTUURSAANBEVELING

Dat die Raad die gewysigde argitektoniese riglyne ten opsigte van die Skulphoek Huiseienaars vereniging aanvaar en goedkeur.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE (19 FEBRUARIE 2021)

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.

BESLUIT 37/2021

Dat die Raad die gewysigde argitektoniese riglyne ten opsigte van die Skulphoek Huiseienaars vereniging aanvaar en goedkeur.

11.23 **ECONOMIC RECOVERY PLAN****PURPOSE OF REPORT**

To consider the approval of the attached draft Economic Recovery Plan for Cape Agulhas Municipality, attached on **page 84 tot 92**.

BACKGROUND

Our division has compiled an economic recovery plan with the aim of cushioning stakeholders against the effects of the Covid 19-pandemic which has been prevalent for a while, one that has caused widespread mayhem locally and nationally. Most of the pre-cautionary measures envisioned in this plan has already been implemented and some are in advance stages of being rolled-out. The plan was distributed on district level, as well as provincially. We also disseminated the draft internally to senior management to solicit their inputs. Although simplistic and basic in nature, the draft was commended for it's straightforward enabling contributions, being a plan that could enhance our efforts to curb the the negative economic impact on our communities, thereby assisting us to navigate into the uncharted waters of the Covid-19 pandemic.

MANAGEMENT RECOMMENDATION

That the draft Economic Recovery Plan for Cape Agulhas Municipality be approved by Council.

RECOMMENDATION: FINANCE- AND IT SERVICES COMMITTEE (19 FEBRUARY 2021)

That the management recommendation be accepted.

RESOLUTION 38/2021

That Council approves the draft Economic Recovery Plan for Cape Agulhas Municipality.

11.24 **IMPLEMENTATION OF FEEDING SCHEMES****PURPOSE OF REPORT**

To request council to approve the R60 000,00 allocation from the CDW budget to support the existing feeding scheme projects.

BACKGROUND

The CDW grant for Cape Agulhas could not be spent optimally due to the restrictions of COVID 19 regulations on the implementation of physical programmes.

Written confirmation was obtained from the Regional CDW Coordinator as well as the local CDW supervisor to utilize the amount of R60 000,00 in support of the existing feeding schemes. The approval of the funds is based on the alignment of the COVID 19 pandemic and the CDW Annual Performance Plan.

The R60 000,00 will be distributed as follow:

ORGANIZATION	AMOUNT
Liefdesnessie	R 5 000,00
Protem	R 2 500,00
Klipdale	R 2 500,00
Bredasdorp Nutrition Centre	R10 000,00
Concern Mothers	R10 000,00
Meals on Wheel	R 7 500,00
Arniston Vissersunie	R 7 500,00
Geluksoord	R 7 500,00
Nuwerus Nasorg	R 7 500,00
TOTAAL	R60 000,00

FINANCIAL IMPLICATIONS

The budget for the R60 000,00 is available in the 2020/2021 financial year.

STAFF IMPLICATION

Staff is only involved with the facilitation and monitoring process of the project.

MANAGEMENT RECOMMENDATION

- (i) That funding be allocated to organization as stipulated in the above table.
- (ii) That funds be allocated for a period of one month.
- (iii) That organizations submit monthly reports to the Human Development office regarding the spending.
- (iv) That the Municipality should enter into a written agreement with the organizations.
- (v) Monthly reports regarding the operations and financial management of the project to be submitted to the Facilities and Human Development Manager.
- (vi) That organizations are responsible for the purchasing of food products, gas and transportation of goods needed for the feeding scheme.
- (vii) That monthly reports be submitted to council on the progress of the project.

RECOMMENDATION: MANAGEMENT SERVICES COMMITTEE (19 FEBRUARY 2021)

- (i) That the management recommendation be accepted.
- (ii) That the matter be referred to Council.

RESOLUTION 39/2021

- (i) That funding be allocated to organization as stipulated in the above table.
- (ii) That funds be allocated for a period of one month.
- (iii) That organizations submit monthly reports to the Human Development office regarding the spending.
- (iv) That the Municipality should enter into a written agreement with the organizations.
